

21 Oktober

1 Konings 9:1-9

Dien die Here met jou hele hart

'n Vraag wat homself deesdae al hoe dringender aan ons as kerk opdring, is dalende lidmaat-getalle. Wat is aan die gang? Is die HERE nog by sy kerk? Salomo se tempel was simbool van God se inwoning by sy volk. Hy het sigbaar sy intrek in die tempel geneem (1 Kon 8:10). Hy het die tempel geheilig. Hy kom woon by sy volk. Wat 'n troos en gerusstelling. Die Here wil egter nie sy volk aan die slaap sus nie. Hoor sy onmiddellike waarskuwing in verse 6 en 7: *"Maar as julle en julle nageslag van My afwegdraai en my gebooie en my voorskrifte... nie nakom nie... sal Ek hierdie tempel wat Ek in my Naam geheilig het, voor My wegvee "*.

Op grond van Jesus Christus se verlossingswerk het die Here deur sy Gees in elke opregte gelowige se hart kom woon. Ons is nou sy tempel, maar ons moet goed besef: Al is die Naam van die Here oor ons as kerke uitgeroep; al is ons geheilig; al het ons deel aan die Woord en die sakramente, beteken dit nog glad nie dat ons die Here kan dien soos óns dit goed dink nie.

Mag ons vra waarom mense na die dalende lidmaat-getalle kyk en dan fluit van verbasing? (vergelyk verse 8 en 9). As ons nie aan die Here gehoorsaam is nie en as ons nie voor sy heilige wil buig nie, as ons ons eie koppe volg en die Skrif wil draai om by ons sienings te pas, kan dit mos nie anders nie! Dit is maklik om te sê dat ons die Here dien, maar die vraag is: Is ons werklik met ons Here Jesus Christus bekleed en dien ons werklik die Here onder die kragtige leiding van die Heilige Gees?

Sing: Skrifberyming 45:1,8 Ds. D.J. de Kock (Pietersburg-Suid)